Danksy diensbaarheid groei PE-Noord se geloofwaardigheid

Danie Mouton

Eers word vier volwassenes gedoop as deel van belydenisaflegging. Dan kom hulle huweliksmaats na vore en daarna word hulle vyf kinders ingebring om ook gedoop te word.

Hierdie aangrypende seremonie het op 13 Junie vanjaar in die NG Gemeente Port Elizabeth-Noord afgespeel. Dit het alles begin met ds Johan Marais wat byna ’n jaar gelede aangekondig het hy begin ’n groep met die oog op volwassekategese.

Twaalf volwassenes meld toe aan, waarvan sewe enduit deel van die groep gebly het.

Waarom kom grootmense kategese toe?

Waarom meld ’n groot groep volwassenes vir kategese in ’n NG gemeente aan?

Dit het te doen met publieke geloofwaardigheid. PE-Noord se geloofwaardigheid hou verband met hulle betrokkenheid by die omliggende gemeenskap in die sentrale, semi-geïndustrialiseerde stadsgebied waar die gemeente geleë is.

Die gemeente bedryf ’n vroue-bemagtigingsprojek, gee Saterdae maaltye aan byna 400 straatlopers, besoek die gevangenes in die nabygeleë gevangenis en reik uit na en gee om vir die hele gemeenskap se kinders. Hulle is ook betrokke by die plaaslike laerskool.

Sakemanne en sakeondernemings gee gereeld finansiële steun aan die gemeente se gemeenskapsprojekte.

Dit het nie altyd só gegaan nie – daar was tye dat PE-Noord deur diep waters gegaan het, maar dit is juis dié diensprojekte wat hulle uit die as laat opstaan het.

Die diens en betrokkenheid by die gemeenskap gee aan die gemeente publieke geloofwaardigheid: Mense herken Christus in die lewe van die gemeente.



Ds Johan Marais doop die seun van Morris Shoco (regs), een van die volwassenes wat pas belydenis van geloof afgelê het en wat ook gedoop is.

Daarom is meer as die helfte van die mense wat die aanddienste bywoon, nie lidmate van die gemeente in die tradisionele sin van die woord nie.

Mense wat inskakel by die volwassekategese, kom dus nie vir verhelderende teoretiese insigte en toeligting van die kerk se dogma nie – hoe lofwaardig dit ook al mag wees! Hulle kom omdat hulle Jesus aantreklik vind, en Hom sáám met mede-gelowiges wil volg.

Volwasse- en kinderdoop tesame

Vir my was die aangrypendste aspek van 13 Junie se belydenisaflegging die feit dat die vier volwassenes wat gedoop is, dadelik daartoe oorgegaan het om, saam met hulle lewensmaats, hulle kinders te doop. Nie net individue nie, maar hele gesinne is só aan die Here gebind. Nege dope op een dag, almal gesinsdope! Geloof in die lewende teenwoordigheid van die Here in die kerk se bediening het skielik vir ons almal ’n groter werklikheid geword.

My gebed is dat hierdie toneel toenemend eerder die reël as die uitsondering in ons gemeentes sal wees.

Kerkraadslede van PE-Noord wens nuwe lidmate ná volwasse-belydenisaflegging geluk. Vier van hulle is gedoop en het toe hulle kinders ten doop gebring.